**Ignite (Kinderbediening)**

Liewe ouers

Dit is vir ons as leraars en jeug mentors 'n voorreg om julle kind vanjaar by IGNITE te verwelkom.

Hier by NG Montana is ons as gemeente in samewerking met julle as ouers oortuig van ons roeping wat ons in kinders se lewe en geloofsvorming het.

Ons akkommodeer oo kinders wat net alternatiewe Sondae by Ignite kan wees as gevolg van reëlings tussen ouers.

**Daarom vra ons:**

- ✓ dat ouers en kinders die geloofsvorming by die kerk met dieselfde passie en erns sal opneem as sport, kultuur en akademie.
- ✓ dat ouers en kinders saam eredienste bywoon en soedoende by die huis ook soveel moontlik huisgeloof toepas.

**Die jeugprogram vir 2025:**

- ✓ Ons maak gebruik van die Jeugfokus produk wat jaarliks nuut geskryf word deur die NG kerk se kategese taakspan.
- ✓ WERKSBOEK: Hierdie materiaal is kreatief, prakties en werk deur die hele Bybel. Die werksboek **bly by die kerk/jeugmentor**.
- ✓ HUISGELOOF BOEK: Ons stuur die huisgeloof materiaal elektronies uit. Probeer om huisgeloof ‘n kultuur maak.
- ✓ Ons gaan 1 keer ‘n kwartaal KinderTeater hê wat aangebied word deur professionele akteurs.
- ✓ In 2025 gaan ons oueropleidingsgeleenthede hou waar ons sinvolle ouerskapsgesprekke sal hê.
- ✓ Daar is nog vele meer wat ons beplan, ‘n jeug oorslaap, Spelletjies dae en vasvrae spelletjies.

**Op ‘n Sondag:**

- ✓ Kinders word afgemerk op ‘n register binne die saal op ‘n Sondag.
- ✓ Kinders verdaag na gemeenskapsmoment uit die diens en woon Ignite tussen 9:15-10:00 by.
- ✓ Ons vra ouers om koffie te drink en geduldig te wag, soms kan ‘n les 10-minute langer neem.

**Inskrywingsondag:**

- ✓ Kom skryf jou kind in vir IGNITE (Voorskool 3jr-6jr; Graad 1-6) 10:00.
- ✓ Ons moedig julle egter aan om vooraf elektronies op ons webblad te registreer.
- ✓ Betaal R100 registrasies fooi kontant of via EFT. Fooi word gebruik vir die aankoop van lesmateriaal.

“It takes a village to raise a child” – bel ons as ons kan help met enige iets van julle dag tot dag bekommernisse.


| | |
|---|---|
| Ds. Carli Fourie<br>**Leraar**<br>074 137 7971 | Annatjie Coetzer<br>**Jeug en Gesin**<br>072 275 8438 |